

## VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR (GEMEENSKAPSINTERAKSIE EN PERSONEEL)

DIE PORTEFEULJE VAN DIE VISEREKTOR (GEMEENSKAPSINTERAKSIE EN PERSONEEL) (VR: GI&P) DEK VERSKEIE INSTAATSTELLENDEN STEUNDIENSTE. DIT IS IN AGT AFDELINGS GEGROEPEER, WAT ALMAL OP DIE EEN OF ANDER WYSE BYDRA TOT DIE STREWE NA UITNEMENDHEID IN DIE ALGEMEEN, MAAR TOEGESPITS IS OP DIE HOOP PROJEK IN DIE BESONDER. DIT IS WAAROM 'N KOMBINASIE VAN DIE VYF TEMAS WAT DIE PROJEK ONDERSTEUN IN ELK VAN DIE AFDELINGS ERKENBAAR IS: GEMEENSKAPSINTERAKSIE, MENSLEKEHULPBONBESTUUR, DIENSBILIKHEID EN DIVERSITEITSBESTUUR, MATIESPORT, MIV/ VIGSKOÖRDINERING, KAMPUSGESONDHEIDSDIENSTE, REGSDIENSTE EN DIE UNIVERSITEITSMUSEUM. GEMEENSKAPSINTERAKSIE (GI) HET EGTER DIE MEES REGSTREEKSE EN BETEKENISVOLLE BYDRAE TOT DIE UNIVERSITEIT SE KERNBEDRYGWIGHEDE GELEWER.

Die breë doelstelling van Gemeenskapsinteraksie is om kennisgebaseerde vennootskappe met eksterne gemeenskappe te vorm, te kweek en te bestuur. Sulke vennootskappe kan 'n omgewing help bou waar studente leer verryk word, navorsing meer relevant is en die Universiteit goeie korporatiewe burgerskap op tasbare wyses kan bedryf. Om hierdie voordele te kan behaal, is dit egter nodig om ons institusionele verbintenisse tot wedersydse inagneming, regstelling, ontwikkeling en transformasie na te kom. Hier is dus 'n uitstekende voorbeeld van die skep van hoop wat gebaseer is op die vakkundigheid van ons personeel en die wetenskaplike kennis wat deur die Universiteit ontdek, oorgedra en aangewend word.

### VENNOOTSAPPE WAT DIE UNIVERSITEIT SE VISIE, MISSIE EN WAARDES WEERSPIEËL

Op 'n plaaslike vlak is die Universiteit Stellenbosch (US) 'n belangrike rolspeler in die lewe van 'n verdeelde dorp met enorme ontwikkelingsuitdagings. Uitdagings word deur middel van die maandelikse Rektor-Burgemeesterforum uitgewys en aangepak. Hierdie forum is 'n inisiatief van die Universiteit en die Munisipaliteit Stellenbosch, die ander groot instelling op die dorp. Die twee liggame het in die verslagjaar verskeie gesamentlike projekte bestuur, waaronder studentevrywilligerprogramme, die byeenbring van navorsers en gemeenskapslede vir gedagtewisseling oor die oplos van plaaslike probleme, professionele akademiese steun ten opsigte van 'n grondhervormingsbeleid en inisiatiewe rakende die Wêreldbekersokker. Die Forum maak staat op die deskundigheid van die US se steundienspersoneel en akademiese in 'n verskeidenheid dissiplines.

Die Universiteit handhaaf ook gesonde verhoudings met plaaslike burgerlike gemeenskapsliggame soos nieregteringsorganisasies (NRO's), organisasies sonder winsoogmerk (OSW's) en geloofgebaseerde organisasies (GGO's). Hy speel 'n leiersrol in 'n plaaslike netwerk van NRO's bekend as die Stellenbosch Welsyn- en Ontwikkelingskoördineringskomitee (SWOKK). Deur die viering van nasionale vakansiedae soos Menseregterdag, Jeugdag en Erfenisdag probeer die Universiteit samehorigheid met sy plaaslike vennote, met hul verskillende agtergronde, bou. In 2010 was die vestiging van die Lückhoff-adviesraad 'n groot mylpaal op plaaslike vlak. Hierdie stap het gemeenskapsdeelname in die bestuur van die ou Lückhoff-skool in Banghoekweg geformaliseer. Dit was die hoogtepunt van jare lange intensiewe gespreksvoering met die gemeenskap van "Die Vlake" (soos dit vroeër bekend was); vir hulle het die skoolgebou spesiale betekenis as 'n baken van hoop.

Een van die meer onlangse reaksies vanuit die burgerlike samelewing was die Stellenbosch Beweging vir Sosiale Samehorigheid. Sy doel is om sosiale samehorigheid in die Stellenbosse munisipale gebied te bevorder. Sy mandaat is om 'n gemeenskaplike doelgerigtheid te bewaar en besprekings oor antirassisme, eenheid, vrede, versoening, geregtigheid en gemeenskaplike waardes voort te sit. Die beweging geniet die steun van die Universiteit én die Munisipaliteit, met die US in die leidende rol.

Op streeksvlak was 'n hoogtepunt in 2010 die besluit van die Rektor se Bestuurspan om 'n memorandum van verstandhouding met die Drakenstein Munisipaliteit aan te gaan. Die samewerking sal toegespits wees op vaardigheidsontwikkeling deur kortkurse en gesamentlike navorsingsprojekte wat inpas by die Volhoubare Drakenstein-projek. Memorandums van verstandhouding met die Stad Kaapstad en die Wes-Kaapse Provinsiale Regering is ook reeds aangegaan. Ingevolge hierdie ooreenkomste het die Kaapse Konsortium vir Hoër Onderwys (met die VR: GI&P van die US as Raadsvoorsitter) in 2010 verskeie gesamentlike projekte onderneem. Die Konsortium het ook 'n groot rol gespeel in die bevordering van samewerking tussen die vier universiteite van die streek en die verskillende vlakke van regering.

Benewens die streeksvennootskappe het die VR: GI&P ook 'n aantal toegespitsde vennootskappe gefasiliteer en bestuur. Hierdie verbintenisse is met kerke (Fakulteit Teologie), die Departement van Gesondheid (Fakulteit Gesondheidswetenskappe) en die Departement van Verdediging (Fakulteit Krygskunde) aangegaan.

Die US het 'n leiersrol in die *South African Higher Education Community Engagement Forum* (SAHECEF), die nasionale netwerk van betrokke universiteite, gespeel. Die Universiteit se Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie is die aanvangs- en huidige voorsitter van SAHECEF. Lede van die Universiteit se Afdeling Gemeenskapsinteraksie is genooi om 'n aktiewe rol te speel by die ontwikkeling van gemeenskapsinteraksie op 'n nasionale skaal. Die Senior Direkteur: GI, die Adjunktdirekteur: GI en die Bestuursinligtingsbeampte is almal deur ander hoërsonderwysinstellings uitgenooi om hul gemeenskapsinteraksie-kundigheid te deel.

Op internasionale vlak is die US deel van 'n wêreldwye netwerk van betrokke universiteite, die *Talioires Network*. Die Universiteit trek voordeel uit al die geleenthede wat hierdeur gebied word; in Maart is die Rektor, prof Russel Botman,

## VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR (GEMEENSKAPSINTERAKSIE EN PERSONEEL) (VERVOLG)

byvoorbeeld uitgenooi om in Bellagio, Italië, 'n referaat te lewer. Die Universiteit is ook 'n lid van die Association of African Universities (AAU) en die Association of Commonwealth Universities (ACU). In 2010 was die US mede-aanbieder van die ACU-konferensie in Kaapstad.

In skolevennootskappe, 'n baie spesiale tipe vennootskap, betree die US 'n opwindende nuwe fase. Ingevolge sy Strategiese Raamwerk is die Universiteit verbind tot die ondersteuning van die SA-skoolstelsel, veral op die terreine van wetenskap en wiskunde. Na konsultasie met betrokkenes in die Universiteit, Departement van Onderwys-amptenare, skoolhoofde en onderwysers is 'n omvattende nuwe raamwerk vir skolevennootskappe opgestel.

Die voortreflike werk wat studentevrywilligers, georganiseer deur die eenstopdiens van Matiegemeenskapsdiens, in vennootskap met 'n aantal plaaslike NRO's, OSW's en GGO's gedoen het, verdien spesiale vermelding. In 2010 het 650 studente in 39 projekte hulp verleen aan gemeenskapsorganisasies op die terreine van lewensvaardighede, mentorskap (naskoolse programme), kunste en handwerk, sport en voorkomende primêre gesondheidsorgprogramme. Die Vrywilligersprogram leen hom tot wederkerige leer, wat noodsaaklik is vir die groei van ons studente as maatskaplik verantwoordelike burgers.

Al hierdie vennootskappe, waar dit ook al bestaan, berus op die Universiteit se akademiese kundigheid. In aansluiting by ontwikkelingsagendas op verskeie vlakke, bied dit 'n beeld van die Universiteit Stellenbosch, nie volgens sy identiteit van die verlede nie, maar as 'n baken van hoop vir die hede en die toekoms. Dit is noodsaaklik vir ons maatskaplike volhoubaarheid as 'n instelling.

### BEVORDERING VAN BETROKKE AKADEMIESKAP EN POPULARISERING VAN DIE WETENSKAPPE

Die Afdeling Gemeenskapsinteraksie het akademiese personeellede daadwerklik vir hul gemeenskapsinteraksierol toegerus. In 2010 is die kredietdraende *Short Programme for Service-Learning and Community Engagement* vir die tweede maal aangebied. Personeel van die Afdeling Gemeenskapsinteraksie en afgestudeerdes van hierdie kursus het deelgeneem aan die *Colloquium on Hopeful Pedagogies* en die Onderrig- en Leerkonferensie wat deur die US Sentrum vir Onderrig en Leer gereël is.

'n Nuwe samewerking tussen die afdelings Gemeenskapsinteraksie en Navorsingontwikkeling gee aanleiding tot die aanbied van 'n kapasiteitsboukursus vir akademiëci oor gemeenskapsgebaseerde navorsingsmetodologieë. In samewerking met 'n oorsese stigting het die twee afdelings 'n proef uitgevoer wat 'n gemeenskapsevaluering vir Railton in Swellendam gelewer het. Die beoogde kursus word bevoordeel deur insigte wat hier verkry is en die inset van akademiëci wat deelgeneem het.

Die Universiteit het in 2010 'n tweede, uiters geslaagde GI-simposium by die *Sustainability Institute* (Lynedoch) gehou

met die tema *Portraits of hope through engagement*. Die oogmerke van die simposium was onder andere om 'n gemeenskap van praktyk vir GI in hoër onderwys te mobiliseer; om 'n oorsig van die Universiteit se verskillende tipes GI-werksaamhede te gee; om die institusionele bestuur-en-beheerreëlins ter ondersteuning van gemeenskapsinteraksie te evalueer; en om ons GI-inisiatiewe aan ons visie, missie en ons HOOP Projek te koppel. Die simposium sal in die toekoms 'n gereelde item op die institusionele kalender wees.

Die fokus op die popularisering van wetenskap is veral 'n belowende eienskap van die GI-werk by die Universiteit. In 2010 is die eerste *High science meets high school learners*-sessie van die Universiteit by die Kayamandi Korridor gehou. Prof Eugene Cloete, ons Dekaan van Natuurwetenskappe, het die internasionale nuus gehaal met sy innoverende ontwerp van 'n waterfilter. Dit het die potensiaal om die lewens van gemeenskappe te verander wat aan siekterisiko blootgestel is weens waterbesoedeling in hul omgewings. By hierdie geleentheid het 'n vooraanstaande navorser van die US sy wonderlike navorsingsbevindings en innovasie aan plaaslike sekondêreskoolleerders (graad 6) verduidelik. Die aanbieding het deel gevorm van 'n aksie om leerders te motiveer om loopbane in navorsing en die wetenskap te oorweeg. Daar word saam met die Afdeling Navorsingontwikkeling beplan om die popularisering van wetenskap verder te voer. Dit sal nog altyd die leerders insluit, maar sal ook op die Stellenbosse publiek gerig wees.

Die bogenoemde interaksies het twee breë doelstellings. Een is om akademiëci in staat te stel om akademiese werk in gemeenskapsomgewings te doen. Die ander is om die Universiteit se werk vir gemeenskapslede toeganklik te maak. 'n Wedersydse begrip van hul verskillende lewenswêreldes is noodsaaklik vir die gesonde saambestaan van die groepe. Dit is ewe belangrik vir die Universiteit se maatskaplike volhoubaarheid as 'n instelling.

### INSTITUSIONALISERING VAN ONS GEMEENSKAPSBETROKKENHEID

Die strategiese koers wat deur die Universiteit Stellenbosch ingeslaan word, is duidelik. Dit is duidelik uit die HOOP Projek en sy vyf temas wat voortspruit uit die Millennium-ontwikkelingsdoelwitte, die Oorhoofse Strategiese Plan en die wordende Visie 2015. In 2010 was 131 GI-projekte, verteenwoordigend van al vyf HOOP-temas, op ons GI-databasis geregistreer. Dit is dus ook duidelik dat ons huidige strategiese rigting ingestel is op 'n omgewing waarin gemeenskapsinteraksie sal kan floreer.

### SLOT

Gemeenskapsinteraksie is nou verweef met die strategiese doelwitte van die Universiteit. Die strukture, prosedures en beleide om GI as een van sy kernfunksies te ondersteun is gereed. Hierdie langtermynverbintenis tot GI is noodsaaklik vir die maatskaplike volhoubaarheid van ons instelling.

